

InfoForum

Nuusbrief van die Ferdinand Postma-Biblioteek

Volume 2(2), Junie 2002

Redaksioneel...

Waarom opleiding?

Die Sjinese gesegde: "Gee 'n man 'n vis en hy het kos vir 'n dag. Leer hom om vis te vang, en hy het kos vir 'n leeftyd", is ook van toepassing op die Biblioteek se gebruikersopleidingsprogram waar ons poog om studente paraat te maak om hulleself te help in die inligtingsera.

[Lees gerus meer hieroor ...](#)



PsycARTICLES

Hierdie is 'n nuwe [toetsdatabasis](#) wat 25 000 volteks artikels verskaf vanuit 42 tydskrifte wat deur die APA (American Psychological Association) en verwante organisasies uitgegee word. PsycArticles bevat inligting oor algemene sielkunde sowel as gespesialiseerde, basiese, toegepaste, kliniese en teoretiese navorsing in sielkunde. Die databasis word deur EBSCOHost uitgegee en ons het tydelik toegang daartoe tot einde Julie. Gaan kyk gerus ook na ons [ander toetsdatabasisse](#).



Interbiblioteeklening:

Meeste van julle het seker al gemerk dat daar heelwat veranderinge by IBL plaasgevind het die afgelope twee jaar. Die proses is egter nie sonder groeipyne nie. Graag gee ons die volgende [metodes](#) deur oor hoe IBL-aanvrae tans gedoen kan word.

Studente, worstel julle om inligting te kry oor 'n bepaalde onderwerp?

Marlene Wiggill bied instapkursusse aan in die gebruik van die Internet en volteks databasisse. Kyk gerus wat die [kursusse](#) behels.

Die "**Journal Citation Reports**" vir wetenskap en sosiale wetenskappe is nou beskikbaar in die biblioteek. Die bronne kan gebruik word vir die evaluering van tydskrifte, lees [hoe dit jou kan help](#).

Die PUK spog eersdaags met sy eie **Kunsgalery** in die noordelike grondvloerleessaal van die Biblioteek. [Meer hieroor ...](#)



Butterworths regsversameling is nou beskikbaar via die PUK Intranet. Gaan kyk gerus na die [handleiding](#).

Sukkel jy om jou gereserveerde materiaal aan jou studente beskikbaar te stel? e-Reservering is die antwoord vir jou. [Lees hier](#) hoe dit werk en hoe dit die lewe vir dosente en studente kan vergemaklik.


Die van julle wat gereeld gebruik maak van **PsycInfo** sal bly wees om te hoor dat die sielkunde databasis nou verwysings verskaf vanaf 1872. Die databasis is beskikbaar via [WebSpirs](#) of WinSpirs.



Hou die spatie in die toekoms dop vir enige nuwe verwikkeling in die Biblioteek.

[Argief hier beskikbaar](#)

Gebruikersopleiding



Gebruikersopleiding is nie 'n nuwe konsep nie, maar het as gevolg van die veranderde inligtingsomgewing in wese verander. Deesdae is die meeste gebruikers se metodes van inligtingsherwinning grootliks op die Internet gerig. Daar word gebruik gemaak van soekenjins en die inligting word nie geëvalueer nie. Die gevolg hiervan is dat inligting herwin word waarvan die wetenskaplikheid en betroubaarheid bevraagteken kan word, en die duur, wetenskaplike databasisse van die biblioteek word gesystap.

Die doel van gebruikersopleiding

Die doel van opleiding is om gebruikers te bemagting om selfstandig en op 'n wetenskaplike manier in 'n elektroniese inligtingsomgewing te kan omgaan. Tydens opleiding word gebruikers op hoogte gebring van vakgerigte inligtingsbronne en inligtingsherwinningstegnieke word getoon wat betref databasisse sowel as die Internet. Terselfdertyd word gebruikers bewus gemaak van hoogaangeskrewe soekenjins op die Internet soos Google, AlltheWeb en Scirus en kriteria vir die evaluering van Internetinligting word verskaf. [Instapkursusse word alreeds weekliks aangebied.](#)

Voorwaardes vir suksesvolle gebruikersopleiding:

- moet vakgerig wees - gee geleentheid vir vakspesifieke soektogte;
- moet saamval met werksopdragte - dan is studente meer gefokus en gemotiveerd;
- moet geïntegreerd wees in die studiegids/kurrikulum.

Die biblioteek is egter baie afhanklik van die akademiese personeel se goeie samewerking om gebruikersopleiding te laat vlot aangesien die opleiding nog nie in die studiegidse geïntegreerd is nie. Om kontak met die verskillende vakgroepe te kan bewerkstellig, benodig ons een periode per klasgroep per jaar. Navorsing het getoon dat gebruikersopleiding tot verhoogde selfvertroue in die hantering van inligtingsbronne lei. Selfvertroue lei tot 'n beter gemotiveerdheid, wat 'n voorvereiste is vir suksesvolle studie.

Met behulp van ons elektroniese klaskamer (Tarentaal) en ons 7 vakbibliotekarisse is die biblioteek baie goed toegerus om gebruikersopleiding te kan verskaf. Kontak ons gerus!

Louise Vos
Afdelingshoof: Inligtingsverskaffing



Metodes vir Interleningaanvrae:

 Vorms

 E-pos

 Elektroniese aanvrae via Sabinet

Metodes vir Interleningaanvrae:

Studente en personeel kan tans enige een van die volgende drie metodes gebruik om Interleningaanvrae te doen. **Metode 1 en 2** word egter op die oomblik **aanbeveel** omdat data verlore kan raak met metode 3.



1. Vorms wat voltooi moet word.

Die aanvraag kan gedoen word deur 'n vorm te voltooi. Daar is tans twee vorms beskikbaar: een vir boeke en een vir tydskrifte. As u daarvan nodig het, kan u **Susan Coetzee of Cora Bezuidenhout by (018)299 2793** skakel en hulle sal dit na u bussie of posbus stuur. Let asseblief daarop dat ons dikwels vorms ontvang waarop belangrike inligting soos 'n personeelnommer en bussienommer ontbreek. Dit vertraag die proses en die artikel kom soms by 'n verkeerde adres uit.



2. E-pos

U kan u aanvraag doen via e-pos deur van die volgende adres: interbib@puknet.puk.ac.za gebruik te maak.

Neem asseblief ook kennis van die volgende:

- Slegs **EEN** aanvraag per e-pos kan gestuur word. U kan soveel aanvrae stuur as wat u wil, solank daar net een boek of een artikel per e-pos aangevra word.
- Dit is baie belangrik dat u die bussie- en personeelnommer moet vermeld op elke aanvraag. 'n Telefoonnommer kan ook help.



3. Elektroniese aanvrae op Sabinet

Met hierdie metode is al die probleme nog steeds nie uit die weg geruim nie. Aanvrae het mekaar in die verlede oorskryf en nie alles het deurgekom na ons stelsel toe nie. Ons kan ook nie bepaal of al die aanvrae ons bereik het nie. As u daarvan wil gebruik maak is dit **op u eie risiko**. Ons sal u op hoogte hou as die fasiliteit weer beskikbaar gestel word.



 [Internet vir beginners](#)

 [Internet: Soekenjins](#)

 [Internet: Volteks Databasisse](#)

1. Internet vir beginners

Die opleidingsessies is gemik op die beginner. Daar word gekyk na die aard van die Internet en basiese soekbeginsels vir Suid-Afrikaanse en internasionale soekenjins sal verduidelik word.

Tyd: Elke Dinsdagoggend om 8:30 tot 9:15.

Plek: Ferdinand Postma-Biblioteek, Tarentaal.

Bespreek vroegtydig by die Inligtingstonbank in die Biblioteek om teleurstelling te voorkom. Indien die tyd nie inpas by jou skedule nie, kan jy gerus reël vir 'n ander tyd by Marlene Wiggill (018) 299 2835. Opleiding is gratis.



2. Internet: Soekenjins

Die sessies bestaan uit opleiding in die gebruik van gevorderde soekfunksies sowel as evalueringstegnieke wat jou in staat sal stel om die mees relevante inligting vir jou referaat/werksopdrag op die Internet te kry. Basiese rekenaarvaardigheid is 'n voorvereiste.

Tyd: Elke Woensdagoggend om 8:30 tot 9:15.

Plek: Ferdinand Postma-Biblioteek, Tarentaal.

Bespreek vroegtydig by die Inligtingstonbank in die Biblioteek om teleurstelling te voorkom. Indien die tyd nie inpas by jou skedule nie, kan jy gerus reël vir 'n ander tyd by Marlene Wiggill (018) 299 2835. Opleiding is gratis.



3. Internet: Volteks Databasisse

Die opleidingsessies leer jou hoe om volteks tydskrifdatabasisse via die Internet te gebruik. Op die databasisse kry jy toegang tot volledige wetenskaplike artikels vir jou referate/werksopdragte. Die artikels is onmiddellik op jou rekenaar beskikbaar. Ons leer jou om op EBSCOHost, MCB (Emerald Online) en ScienceDirect te soek.

Tyd: Elke Woensdagmiddag om 14:00 tot 14:45.

Plek: Ferdinand Postma-Biblioteek, Tarentaal.

Bespreek vroegtydig by die Inligtingstonbank in die Biblioteek om teleurstelling te voorkom. Indien die tyd nie inpas by jou skedule nie, kan jy gerus reël vir 'n ander tyd by Marlene Wiggill (018) 299 2835. Opleiding is gratis.





Journal Citation Reports (JCR)

JCR is 'n essensiële, omvattende en unieke hulpmiddel vir evaluering van tydskriftintekeninge. Ons het tans toegang tot die *Social Science* en *Science Edition* en hierop word nagenoeg 7 000 vaktydskrifte van die ISI (Institute for Scientific Information) geëvalueer. Evaluering word gedoen op grond van die aantal kere wat die tydskrif aangehaal is en 'n impakfaktor word aan elke tydskrif toegeken.

Die biblioteek besit tans die 2000-weergawe van JCR op CD-ROM. (Die 2001 weergawe sal eers in Junie 2002 beskikbaar wees.) Vanweë koste-implikasie kan hierdie CD-ROM's slegs op enkelwerkstasie in die biblioteek beskikbaar gestel word. Vir meer inligting, kontak gerus vir Erika Rood by 299 2828 of Louise Vos by 299 2788.



Kunsgalery


Die gereelde besoekers aan die Biblioteek het waarskynlik opgemerk dat die noordelike leessaal reeds 'n geruime tyd ontruim is. Indien die bouwerk volgens plan verloop, behoort daar in die volgende drie maande 'n groot gewerskaf in hierdie deel van die biblioteek te wees.

Daar word beoog om hierdie ruimte in 'n uitstallokaal vir die permanente kunsversameling van die Universiteit te omskep. Die eerste uitstalling daarin word reeds beoog tydens Aardklop, wanneer daar 'n versameling werke van Pierneef uitgestal word en die woordkuns van Boerneef daar met verskeie vertonings beleef sal kan word.

Ons vra dat u begrip sal hê as die bou- en breekwerk soms steurend mag wees en dat u in hierdie tyd maar van studieruimtes gebruik sal maak wat ver van hierdie gedeelte verwyder is.


In 'n tyd van optimale benutting van beskikbare ruimtes op die kampus glo ons dat die inrigting van hierdie Galery, deur die sentrale ligging daarvan, saam met die Biblioteek, vir almal op die kampus die kern van 'n kuns-, kultuur- en inligtingservaring mag word!

Die galery sal bestuur word deur die Kunskuratorskap van die PU vir CHO binne die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.



Butterworths via die Internet



 [Wat behels Butterworths?](#)

 [Hoe gebruik ek dit?](#)

1. Wat behels Butterworths?

Butterworths - Legal Resources is 'n regsdatabasis wat via die **Intranet** toegang bied tot regsinsigting aan dosente en studente. Die databasis gee jou toegang tot die volgende produkte:

Commercial Law Library
Constitutional Law Library
Current Law
Forms and Precedents
Noter Up - SA Law Reports
Labour Law Library
Law of SA
All SA Law Reports
Judgements Online
Statutes of SA / Wette van SA



2. Hoe gebruik ek dit?

1. Gaan na <http://fpb-win2>
2. Kies "**Legal Resources**" links bo-aan die bladsy.
3. Jy kan op 3 maniere in die databasis soek. Sien Fig 1.

- Document**
- ▶ Previous Document
- ▶ Next Document
- Contents**
- ▶ Synchronize Contents
- Search**
- ▶ Expert Search
- ▶ Advanced Search
- ▶ Saved Searches
- ▶ Document History
- Print**
- Preferences**

Metode 1

Welcome to
Butterworths Legal Resources for Students and Lecturers

Amlers Precedents of Pleadings		
<input type="checkbox"/> Amlers Precedents of Pleadings	Browse	
Aviation Legislation in South Africa		
<input type="checkbox"/> Aviation Legislation in South Africa	Browse	Butterworths Search
Beaumont's Library		
<input type="checkbox"/> Legislation	Browse	Butterworths Search
<input type="checkbox"/> Beaumont Wise	Browse	
Civil Procedure Law Library		
<input type="checkbox"/> Legislation	Browse	Butterworths Search
<input type="checkbox"/> Civil Procedure in Magistrates' Courts	Browse	
<input type="checkbox"/> Civil Procedure in the Supreme Court	Browse	
Claassens Dictionary of Legal Words and Phrases		

Metode 2

Metode 3

Fig. 1

Metode 1:

- "Contents" neem jou na 'n lys van Butterworths se regsprodukte.
- Klik op die geel "folder" langs die produk waarna jy wil kyk, bv. "Statutes of SA".
- Klik op die geel "folder" langs "acts" om 'n lys van onderwerpe te kry.
- Klik op die geel "folder" langs die onderwerp om 'n lys te kry van die wette wat onder die onderwerp val.
- Klik op die wet waarin jy belangstel, die artikels in die wet sal verskyn en jy kan kies na watter artikel jy wil gaan.

Metode 2:

- Klik op die "Browse" funksie langs die regsproduk waarna jy wil kyk, bv. "Statutes of SA".
- Klik op "acts" onder die "Contents".
- Klik op die onderwerp om 'n lys te kry van die wette wat onder die onderwerp val.
- Klik op die wet waarin jy belangstel.
- Klik op die artikel waarna jy wil kyk. Die "link" na die artikel is in liggroen.

Metode 3:

- Klik op die "Butterworths search" funksie langs die regsproduk waarna jy wil kyk bv. "Statutes of SA".
- 'n Vorm verskyn waarin jy die wet se nommer en jaar kan insleutel. Jy kan selfs soek volgens die spesifieke artikel waarin jy belangstel deur dit ook in te sleutel. Nadat jy al jou inligting ingesleutel het klik op "Search".
- Die wet verskyn op die skerm. Klik op die artikel wat jy wil sien indien jy dit nie in jou soektog ingesleutel het nie.

Let op:

- Kyk na die gids wat heelyd aan die linkerkant van jou bladsy verskyn. Dit help jou om tussen artikels en dokumente te beweeg.
- Kyk ook na die "Preferences" opsie in die gids aan jou linkerkant. Die "Java" stelling onder "Table of Contents" gee vir jou meer funksionaliteit, veral wat betref die merk van rekords vir drukdoeleindes.

Enige navrae oor die databasis kan gerig word aan Christine Bronkhorst by (018) 299 2804.





[Wat is dit?](#)

[Voordele en prosedures vir dosente.](#)

[Hoe kry ek toegang tot dokumente wat elektronies gereserveer is?](#)

Wat is dit?

Elektroniese Reservering, of soos dit in Engels bekend is: Electronic Course Reserves (ECR), is 'n module van die Innopac stelsel wat die biblioteekstelsel is wat onder andere gebruik word deur al die Gaelic-biblioteke, bv. Unisa en UP. e-Reservering is die elektroniese beskikbaarstelling van studiemateriaal. Dit kan insluit: tydskrifartikels, gedeeltes uit boeke, studiegids, memoranda, vraestelle of aantekeninge.



Voordele en prosedures vir dosente:

Voordele:

- Studiemateriaal is beskikbaar vir die hele groep, dus gebruik nie net een student die boek/materiaal vir 'n dag of twee, of selfs vir die 2-uur toegelate tydperk in die Biblioteek nie.
- e-Reservering is nie gebonde aan 'n gebou nie, dit is dus 'n virtuele biblioteek.
- Dit ondersteun die gedagte van E-leer.
- Materiaal raak nie beskadig nie.
- Materiaal raak nie verlore of word gesteel nie.
- Inligting kan ook beskikbaar gestel word via 'n knoop vanaf die dosent se webblad.
- Die hele lys gereserveerde materiaal hoef nie in die studiegids geplaas te word nie. Die studiegids kan slegs verduidelik dat gereserveerde materiaal beskikbaar is deur op bepaalde knope op die Biblioteek se webblad te klik. Die hele studiegids hoef dan nie gewysig te word indien 'n dosent materiaal wil byvoeg of weglaat nie.

Prosedures:

- Verskaf aan ons die beste kopie vir inskandering. Dit kan 'n harde kopie wees of ons kan dit ontvang per elektroniese formaat.
- Gee ons genoeg tyd aangesien daar ook in die meeste gevalle om kopieregklaring aansoek gedoen moet word.
- Kopiereg:
 - Outeursreg word beskerm en eerbiedig en daarom moet ook klaring gevra word wanneer dit van toepassing is. Die biblioteek hanteer die administrasie rondom kopiereg. Hiervoor benodig ons inligting rondom die aantal studente; bibliografiese besonderhede van die materiaal wat op e-reservering geplaas moet word; die naam van die dosent en kursuskode.
 - Die inligting kan per vorm of per e-pos na ons gestuur word by **fpbsco@puknet.puk.ac.za**
 - Ons faks die tersaaklike inligting na Dalro.
 - Ons ontvang die kwotasie gewoonlik binne 'n week en laat weet die dosent wat die totale koste sal wees.
 - Indien die dosent dit aanvaar, gaan ons voort met die reservering en skandering van die materiaal.
 - Die koste verbonde aan kopieregklaring is 27c per student per bladsy.
- Onthou om elke jaar opnuut aansoek te doen vir materiaal.
- Wanneer die hele proses afgehandel is, laat ons die dosent weet sodat moontlike probleme opgevolg kan word,

kwaliteitskontrolle gedoen kan word en veranderinge aangebring kan word.

- Wanneer die proses afgehandel is, het die studente toegang tot die inligting waar in die wêreld hulle mag wees.

Navrae kan gerig word aan [Suzette Coetzee](#) by 299 2787.



Hoe kry ek toegang tot dokumente wat elektronies gereserveer is?

1. Gaan na die Biblioteek se webblad by <http://www.puk.ac.za/biblioteek/>
2. Klik op "Katalogus".
3. Klik op "Reservering".
4. Jy kan nou soek volgens die **naam** van die dosent bv. De Kock J A
OF die **kursuskode** bv. ERK412
5. Indien jy onder die naam van die dosent gesoek het, sal 'n lys verskyn met al sy vakke, kies jou vak daaruit, bv. ERK412.
Indien jy onder jou kursuskode gesoek het, sal jy direk na die vak geneem word (Fig.1). Die bronne wat elektronies beskikbaar is, is hieronder met rooi onderstreep.

Ferdinand Postma-Biblioteek/Library

ANOTHER SEARCH

START OVER

COURSE Search

Prof/ta
Course

De Kock, J A
ERK412
Elektroniese Ingenieurswese

MATERIALS FOR THIS COURSE

<u>Industrial relations in South Africa / by Sonia Bendix : pre</u>	Gereserveer: FP -- 331.1968 BEN c.2 -- IN VERSAMELING
<u>Industrial relations in South Africa / by Sonia Bendix : wit</u>	Gereserveer: FP -- 331.1968 BEN c.2 -- IN VERSAMELING
<u>View or Print: //WET OP BEROEPSGESONDHEID EN VEILIGHEID</u>	Gereserveer: FP -- EKR412 -- <u>IN VERSAMELING*ELECTRONIC COPY AVAILABLE*</u>
<u>View or Print: //OCCUPATIONAL HEALTH AND SAFETY ACT 85 OF 1993</u>	Gereserveer: FP -- EKR412 -- <u>IN VERSAMELING*ELECTRONIC COPY AVAILABLE*</u>
<u>Occupational Health and Safety Act & Regulations : Act.85 of</u>	Gereserveer: FP -- R344.046 SOU -- IN VERSAMELING

ANOTHER SEARCH

START OVER

Fig. 1

6. Klik op die titel wat jy wil sien bv. **View or Print; //WET OP BEROEPSGESONDHEID EN VEILIGHEID**
7. Daar kan 'n "Security Warning" verskyn voordat jy toegang kry tot die dokument (Fig. 2). Klik dan op "Yes".




Fig. 2

8. Die rekenaar vra jou nou om "**YOUR NAME**" en "**University ID**" in te sleutel. Hier is dit belangrik om te onthou om jou naam as volg in te tik bv. **Van Eldik, M E**. Jou studentenommer moet ook ingesleutel word met 'n **2** aan die einde indien daar nie reeds een op jou kaart verskyn nie. Personeelnommers word ingesleutel sonder die **0** aan die begin en met 'n **1** aan die einde.
9. Klik op "**Submit**".
10. Die gereserveerde materiaal verskyn nou op die skerm reg om gelees te word of om uitgedruk te word.

Navrae kan gerig word aan [Suzette Coetzee](#) by 299 2787.

